

# Vrydag 19 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 4:1-12

Fokusgedeelte: Levitikus 4:2, 3

## Let op hoe jy leef

Al probeer ons hoe hard om aan God gehoorsaam te wees, leer Levitikus 4 ons dat mens so maklik onopsetlik, in swakheid, kan sondig. Levitikus 4:1-12 wys wat gedoen moes word wanneer die hoëpriester onopsetlik gesondig het. Die res van die hoofstuk leer wat gedoen moes word wanneer die hele volk (vs 13-21), gesagdraers (vs 22-26) of gewone burgers (vs 27-35) onopsetlik aan God ongehoorsaam was.

'n Kerkleier, bvoorbeeld 'n predikant of ouderling, kan onbedoeld iets sê wat by nabaat blyk strydig met God se Woord te wees. So 'n dwaling kan die Here se kerk op 'n dwaalspoor bring en groot skade veroorsaak. Gelowiges kan goedbedoelde gebruike mettertyd so verhef asof dit 'n voorwaarde vir mens se verlossing is. Wanneer leiers ongewilde keuses moet maak, kan hulle maklik toegee aan die druk om 'n gewilde, maar eintlik verkeerde keuse te maak. Dit is so maklik om iemand te verdink, te oordeel of in 'n oomblik van onnadenkendheid te beskinder.

Al die bogenoemde sondes val onder onopsetlike sondes. Onopsetlike sondes bly verkeerd en moet ook gestraf word. Levitikus 4 leer dat die genoemde oortreders se offers gewissel het van 'n bul tot 'n skaap- of bokooi. Die verskillende offers het verband gehou met die effek wat hulle sonde gehad het.

Die offers vir onopsetlike sondes herinner ons dat ons onmoontlik met 'n goeie lewe ons gebroke verhouding met God kan regmaak. God het egter in sy genade aan ons 'n Hoëpriester gegee wat meegevoel het met nalatige en onopsetlike sondaars (Heb. 5:2). Ons Here Jesus het met sy volmaakte offer vir ons die saligheid verwerf wat ons nie met ons beste pogings kan verwerf nie.

*Sing: Skrifberyming 9-1:1, 11*

*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*